Koerantartikel

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Al minder kinders word aangeneem

Aannemings in Suid-Afrika het met meer as 50% afgeneem, terwyl die aantal weeskinders in die land met byna 30% toegeneem het.

Dít is volgens statistieke vir die tydperk 2005 tot 2009 wat gister deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (SAIRV) bekend gemaak is.

Die aantal weeskinders het in dié tyd van net meer as 4miljoen tot sowat 5,2miljoen toegeneem (29%), terwyl aannemings van 2840 in 2005 tot 1368 in 2009 afgeneem het (52%).

Aanneemouers kry geen geldelike steun van die staat nie.

Dit is belangrik om te onderskei tussen 'n kind wat wees is en 'n kind wat aanneembaar is, het Lucinda van der Vyver, 'n senior maatskaplike werker by die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, gesê.

"'n Kind kan 'n weeskind wees, maar in pleegsorg by oupa en ouma. Dan is dit nie noodwendig in die kind se beste belang om aangeneem te word nie."

Van der Vyver het gesê omdat die Kinderwet deesdae meer kriteria vir aannemings het, is die proses meer langsaam en is daar "meer hekkies vir maatskaplike werkers om oor te spring".

Volgens die SAIRV is daar drie (3) hoofredes vir die afname in aannemings en gelyktydige toename in pleegsorgtoelaes.
Veral onder swart Suid-Afrikaners word weeskinders dikwels volgens 'n informele reëling deur familielede of -vriende versorg.

Nog 'n faktor is die finansiële aansporing agter formele pleegsorg. Die pleegsorgtoelae is R770 per maand.

Die derde rede, wat daarby aansluit, is dat aanneemouers in staat moet wees om in die kind se behoeftes te voorsien, finansieel en andersins, sonder enige regeringshulp.

Afrikaans	Engels
aannemings	adoptions
byna	Almost
afgeneem	decreased
aantal	Amount of
tydperk	Period / timeframe
weeskinders	orphans
toegeneem	increased
volgens	According to
bekend	Known / published
aanneemouers	Adoptive parents
onderskei	Differentiate / distinguish
Geldelike steun	Financial assistance
Maatskaplike werker	Social worker

Afrikaans	Engels
pleegsorg	Foster care
Beste belang	Best interest
Kinderwet	Child Protection Law
deesdae	These days
langsaam	tedious
hekkies	hurdles
hoofrede	Main reason
gelyktydig	Simultaneous
pleegsorgtoelaes	Foster care grant / Social grant
dikwels	often
reëling	arrangment
aansporing	incentive
behoeftes	needs
andersins	otherwise
aansluit	Linked to / connected with
sonder	without
regeringshulp	Governmental Assistance

Neem Kennis: Jy sal ‘n klastoets oor die woordeskat skryf.
Toetsdatum: _____

1. Beantwoord die volgende vrae:

1.1. Met hoeveel persent het aannemings afgeneem?
1.2. Met hoeveel het weeskinders toegeneem?
1.3. Vir watter periode is hierdie statistieke?
1.4. Waar kan mens die statistieke kry?
1.5. Hoeveel aannemings was daar in 2005?
1.6. Waarom neem aannemings af?
1.7. Wat is een van die probleme met die aannemings proses volgens Lucinda van der Vyver?
1.8. Noem SLEGS EEN van die drie redes vir die afname in aannemings wat duer die SAIRV genoem word.
1.9. Hoeveel word pleegouers deur die staat betaal om na weeskinders te kyk?

2. Opsomming

Lees weer die koerantartikel deur. Voltooi nou die volgende opdrag:

- Identifiseer nou die hoofgedagtes in die leesstuk.
- Skryf die hoofgedagtes puntsgewys neer.
- Dui die aantal woorde duidelik aan.

Vereistes:

- Die opsomming mag SLEGS 7 HOOFGEDAGTES bevat.
- Die opsomming mag NIE LANGER AS 70 WOORDE wees nie
- Jy MAG NIE DIREK AANHAAL NIE